daardie mense oor wat gretig is om te veg. 'n Ander probleem is die hele raamwerk wat rondom Umkontho we Sizwe geskep is met Joe Slovo aan die top – hulle sê almal hy's nie die baas nie, maar as jy met hulle praat, kom jy agter hy *is* dit eintlik -- waarin daar baie Indiërs en Kleurlinge is. Daar is 'n vrees by hulle dat die ANC bereid sal wees om te praat en te onderhandel. Verlede jaar was daar al sterk sprake daarvan dat 'n afvaardiging van die ANC en 'n afvaardiging van die NP-koukus mekaar sou ontmoet. Die sweep is geklap en dis nou van die baan, maar dit het blykbaar 'n geweldige vrees laat ontstaan by die Kommunistiese Party en die Anti-apartheidsbeweging. 'n Mens kry die indruk dat hulle allerlei maneuvers probeer het om te verhoed dat die ANC met die wit nasionaliste praat.

Daar is byvoorbeeld gekom met die eis dat Umkontho we Sizwe se samestelling net soos die rassesamestelling van SA moet wees – so 'n redelike eis van die kommuniste dat niemand dit van die hand kon wys nie, maar dit beteken eintlik meer blankes en bruines, en 'n nog groter houvas op die nasionaliste, sodat hulle nie kan praat sonder hulle vennote se toestemming nie. Daar's ook ewe onskuldig gesê dat daar eintlik 'n wit vleuel van die ANC moet wees – wat die ANC natuurlik hande in die lug laat gooi en laat sê het: daar kan net een ANC wees! Soos blits was die volgende eis dat meer blankes, Indiërs en Kleurlinge op die Sentrale Komitee moet wees. Hulle kan dit nie weier nie. Dit beteken weer méér invloed van die Kommunistiese Party op die ANC.

***Ek lei uit u vraag af dat daar telkens pogings is om die posisie van die nasionaliste binne die ANC te verswak ten gunste van die kommuniste. Sou u sê dat die kommunistiese invloed hoofsaaklik van die blanke, Indiër- en Kleurlinglede afkomstig is?***

Daar is ook swart kommuniste-lede. Daar is sedert 1922 'n bietjie oorvleueling in lidmaatskap tussen die ANC en die KP. Nadat die Kommunistiese Party in die vroeë jare vyftig verbied is, het hulle in die ANC ingesypel. 'n Mens moet onthou die Kommunistiese lande was die enigste plekke waar die ANC wapens kon kry. Die ANC sal altyd vir jou sê: ons is 'n bevrydingsorganisasie, nie 'n kommunistiese organisasie nie; ons het kommuniste as lede, maar



hulle regeer ons nié. Die werklikheid is waarskynlik effens anders. As mense jou so lank geborg het, kan jy nie net omdraai en jou vinger in jou borg se oog steek nie.

Op die oomblik word dit nie deur die manier waarop SA teenoor die ANC optree, moontlik gemaak om die nasionaliste binne die ANC, van wie daar heelwat is, 'n kans te gee om hulle rug teen die kommuniste styf te maak nie. Ek sal hoegenaamd nie so ver gaan as om te sê hulle word deur die kommuniste regeer, of dat die kommuniste die beplanning vir die organisasie doen nie. Daar is oorgenoeg bewys tot die teendeel. Maar dit is deksels moeilik om na jy so lank in die skuld was, vir iemand te sê nou gaan ek my eie gang. Die taktiek wat die regering op die oomblik volg, bevorder juis die kommunistiese houvas pleks daarvan dat dit die nasionaliste bevoordeel.

*Hoe voel u oor die regering se reaksie op die Maties en die predikante se planne om Lusaka toe te gaan?*

Ek sou kon verwys na vanoggend se berigte in die koerante, waar gesê is dat een van ons voorste spioene groot verskil van mening met die regering en die polisie het oor die terugtrekking van paspoorte. Sy standpunt is: laat almal gaan, en *debrief* hulle as hulle terugkom. Ek sou reken dis 'n baie verstandiger standpunt. Op die oomblik het jy deur hierdie weiering om hulle te laat gaan, ver bo verdienste status en geloofwaardigheid aan die ANC gegee. Daardie mense moes maar stil-stil toegelaat gewees het om te gaan. Hulle kon nuttige indrukke teruggebring het SA toe.

As ek dink aan die lang gesprekke tussen Inkatha en die ASB, kan ek nie glo dat 'n gesprek tussen die studente en die jeugvleuel van die ANC nie ook maar baie klipperig en 'n pad vol slaggate sal wees nie. Dis 'n geval van jongmense wat mekaar moet uitvoel. Ons kan nie op die lange duur verhoed dat dié soort gesprek plaasvind nie. Dit raak ons almal. Dit raak jongmense meer as volwassenes, en dit raak veral mense wat hulle diensplig gedoen het, en wat dus nie meer in skaamte hul koppe hoef te buig oor jongmanne wat op die grens gesterf het nie. Die jongmense het 'n besondere rede om met hulle te gaan praat. En vir geen oomblik glo ek dat hulle gestoomroller sal word nie.

Dit sal ook deksels goed wees vir die jongmense binne die ANC. Baie van die jong mannetjies wat uit Soweto gevlug het, het nog nooit 'n blanke Suid-Afrikaner in 'n normale situasie ontmoet nie. Sy pa en ma het by blankes gewerk en hy't miskien 'n wrewel opgebou; toe's hy skool toe; dalk het hy 'n onderwyser of twee gehad wat blank was, voor hy die land uit is. Dit sal hulle eerste geleentheid wees om van man tot man te praat met Afrikaners van hulle eie ouderdom. Ek dink hulle het heelwat wat hulle kan leer, net soos ons mense heelwat te leer het.

*Waarom het die regering so fel opgetree?*

Ek weet nie. Ek weet gewoon nie.

*Dit lyk of* Beeld *die afgelope tyd sy standpunt oor gesprekke met die ANC verander het.*

Nee, *Beeld* het nog nooit 'n standpunt gehad oor gesprekke met die ANC nie. *Beeld* het in 'n hoofartikel daarop gewys dat so 'n gesprek behoort plaas te vind; ek het dit in 'n rubriek geskryf; Ton Vosloo het dit al in 'n rubriek geskryf. *Beeld* het wel 'n duidelike geluid gemaak oor die studente en die optrede teen hulle betreur. Maar dat *Beeld* sy standpunt verander het, is nie waar nie. *Beeld*, moet jy onthou, is 'n koerant wat politiek bedryf binne 'n politieke situasie, waar dit altyd 'n kwessie is van gee en neem. 'n Standpuntverharding in die sin dat ons vind daar's geen kontak nodig met die mense nie? Ek dink *Beeld* was skepties ná die besoek van die PFP, en veral oor die predikante. Daar is 'n gevoel, nie net by *Beeld* nie, dat party van die predikante eintlik baie bly sou wees as hulle paspoorte teruggetrek word. Aan die ander kant dink ek werklik dat kontak tussen die kerk en die ANC baie goeie vrugte kan afwerp. Ek sou graag wil hê dat die manne in die kerk-establishment die gesprek moet voer; dit het nie veel nut as mense op die periferie met die ANC praat en dit bereik nie die establishment nie. Ek dink hulle kan heelwat insigte kry op daardie manier.

*Voorsien u dat daar in die nabye toekoms wél gesprekke tussen die regering en die ANC sal plaasvind?*



Dis moeilik om te sê, maar in die politiek moet 'n mens nooit sê "nooit" nie; dis die een gebied waar jy verbaas kan terugkyk op die heilige waarheid van die vorige dag. Daar is aanduidings dat daar wel op die een of ander manier kontak is. Ek is seker dat daar verlede jaar in Desember gesprekke tussen amptenare en die ANC was. Dit sou my nie verbaas as koeriers heen en weer beweeg nie. Maar 'n gesprek om 'n ronde tafel? Nee, nie in die nabye toekoms nie. Daar sal heelwat water in die see moet loop. Die probleem met hierdie dinge is dat 'n mens jou so maklik in 'n hoek vasverf, en nie daar kan uitkom nie. Dis iets wat so maklik kan gebeur in die verhouding tussen die regering en die ANC. 'n Gesprek kan miskien gouer plaasvind as daar minder openlike druk is dat dit moet gebeur.

*Het die regering hom 'n bietjie vasgeverf?*

Ek glo tog wel so. As jy na Ron Miller luister wat twee weke gelede vertel het dat die mense wat die ANC besoek het, eintlik 'n groot strategie konfoes het, 'n strategie om die ANC te verdeel . . .

*Dit klink vir my na nonsens.*

Dit klink na nonsens, en ek dink dit *is*. Maar dit is net so waar dat die moontlikheid om die ANC te verdeel, in die begin van die jaar in regeringskringe rondgegooi is. Daar is mense wat reken dat 'n klompie politieke gevangenes vrygelaat is juis in 'n poging om die mense te verdeel. Ek dink die poging was 'n bietjie naïef. 'n Mens moet meer subtiel wees omdat die ANC met groot subtiliteit werk.

*Hoe ernstig is die vyandskap van Inkatha teen die ANC?*

Oo, dis wedersyds! Die twee keer dat ek met die ANC gepraat het, is daar baie smalend verwys na Inkatha en "Buthelezi's peasants". Die Zoeloe-volk word beskou as 'n klomp peasants wat in 'n enklave van die land vasgedruk sit; as plaasjapies. Dis 'n tipiese Xhosasiening, hoewel hulle dit sal ontken. Die ANC ontken dat hy deur Xhosas oorheers word. 'n Soortgelyke gevoel bestaan van die Zoeloe's se kant af. Die situasie was in Natal so erg dat die hulp van

die Sentrum vir Intergroepstudies in Kaapstad ingeroep is om te medieer tussen die UDF en Inkatha. Die UDF word deur Inkatha beskou as 'n frontorganisasie vir die ANC, en die gevoel tussen hulle het al etlike male op bloedvergieting uitgeloop.

Inkatha is wel 'n plattelandse beweging, want die Zoeloe's is in 'n groot mate 'n plattelandse volk. Maar drastiese dinge is aan die gebeur as gevolg van die migrasie stede toe. As Inkatha nie saam met die Zoeloe's stad toe trek nie, verloor hy sy magsbasis. Maar die oomblik as hy stad toe trek, beland hy direk in die vaarwater van die ANC. Die ANC sê openlik hy's 'n stadsbeweging. As daar meegeding moet word om kiesers in die stad, is daardie twee organisasies kop aan kop in botsing.

*Is daar 'n groot oorvleueling tussen die UDF en die ANC?*

Tussen die UDF se *filosofie* en dié van die ANC: ja. Tussen die UDF en die ANC: nee, ek weet nie. Ek sou soos 'n politikus praat as ek "ja" sê. Die UDF sê hulle sal dit as 'n teken van hoop beskou as die ANC en die regering die dag met mekaar praat. Daaruit moet jy nie meer aflei as wat dit sê nie. Dit sal ook vir mense wat nié lede van die UDF is nie, 'n teken van hoop wees.

*Is 'n gesprek met die ANC absoluut noodsaaklik?*

O ja, ek stem saam. Die ANC moet net óók sy bereidheid toon. As hy bereid is om sekere van die groepe wat hom wil sien, op neutrale grond te ontmoet, byvoorbeeld in Harare; dat hulle nie Kanossa toe moet kom om met hom te praat nie; en van sy kant bewys dat hy belangstel in gesprek en nie net in propaganda nie – ja. Daar is tekens dat elemente binne die ANC werklik in 'n gesprek belangstel. Dit kan baie nuttig wees. Die toekoms van Suid-Afrika gaan grootliks deur net twee groepe beïnvloed word: die NP en die ANC – die twee oudste nasionalistiese groepe in die land.

*Is dit nie juis 'n hoopvolle teken dat die Maties, wat uit die Afrikaner-magsbasis kom, met die ANC wil praat nie?*

Dis wedersyds. Hulle het 'n uitnodiging gehad van die jeugtak. Dis



'n besonder bemoedigende teken. Wie't vroeër gedink daar is 'n gesprek moontlik tussen die ASB en Inkatha, en nou tussen Afrikaanse studente en die ANC? Ek dink hulle kán praat. Hulle het baie vir mekaar te sê.

18 November 1985

DIE VRYHEIDSMANIFES

*soos aanvaar deur die Kongres van die mense op 26 Junie 1955*

AANHEF

Ons, die mense van Suid-Afrika, verklaar teenoor ons land en die hele wêreld:
Dat Suid-Afrika aan almal behoort wat daarin woon, swart en wit, en dat geen regering met reg die gesag mag opeis tensy dit gebaseer is op die wil van die mense;
Dat ons mense beroof is van hul geboortereg op die grond, vryheid en vrede deur 'n regeringsvorm wat op onreg en ongelykheid berus;
Dat ons land nooit vooruitstrewend en vry sal wees nie alvorens al ons mense in broederskap woon en gelyke regte en geleenthede geniet;
Dat slegs 'n demokratiese staat wat gebaseer is op die wil van die mense vir almal hul geboortereg kan verseker sonder onderskeid van kleur, ras, geslag of geloof;
En daarom neem ons, die mense van Suid-Afrika, swart en wit, almal saam gelykes, landgenote en broers hierdie VRYHEIDSMANIFES aan. En ons belowe plegtig om saam te stry en niks van ons krag en deursettingsvermoë te ontsien nie totdat die demokratiese veranderinge wat hier uiteengesit word, bewerkstellig is.

DIE MENSE SAL REGEER!

Elke man en vrou sal die reg hê om te stem en kandidaat te wees vir alle liggame wat wette maak;
Al die mense sal die reg hê om deel te neem aan die administrasie van die land;
Die regte van die mense sal dieselfde wees afgesien van ras, kleur of geslag;
Alle liggame van minderheidsregering, adviesrade, kommissies en besture sal deur demokratiese instellings van selfregering vervang word.

ALLE NASIONALE GROEPE SAL GELYKE REGTE HÊ!

Daar sal gelyke status vir alle nasionale groepe en rasse in alle staatsliggame, in die howe en in die skole wees;
Alle nasionale groepe sal deur die reg beskerm word teen beledigings van hul ras en nasionale trots;
Alle mense sal gelyke regte hê om hul eie taal te gebruik en hul eie volkskultuur en -gebruike te ontwikkel;
Die prediking of beoefening van diskriminasie of minagting op grond van nasionaliteit, ras of kleur sal 'n strafbare misdaad wees
Alle apartheidswette en -praktyke sal afgeskaf word.

DIE MENSE SAL DEEL IN DIE LAND SE RYKDOM!

Die nasionale rykdom van ons land, die erfenis van alle Suid-Afrikaners, sal aan die mense teruggegee word;
Die minerale rykdomme onder die grond, die banke en die monopolie-industrieë sal aan die mense as geheel as eiendom oorgedra word;
Alle ander industrieë en handelsondernemings sal beheer word om die welsyn van die mense te bevorder;
Alle mense sal gelyke regte hê om handel te dryf waar hulle wil, iets te vervaardig en deel te neem aan alle handelsaktiwiteite, handvaardighede en beroepe.

DIE LAND SAL VERDEEL WORD TUSSEN HULLE WAT DIT BEWERK!

Beperkings op die besit van grond op basis van ras sal beëindig word, en al die grond sal herverdeel word tussen hulle wat dit bewerk ten einde hongersnood en die behoefte aan grond uit te wis;
Die staat sal die boere help met implemente, saad, trekkers en damme ten einde die grond te bewaar en die landbouer by te staan;
Vryheid van beweging sal gewaarborg word aan almal wat op die land werk;
Mense sal nie van hulle beeste beroof word nie, en gedwonge arbeid en plaastronke sal afgeskaf word.

ALMAL SAL VOOR DIE REG GELYK WEES!

Niemand sal sonder 'n billike verhoor in die tronk gestop, gedeporteer of ingeperk word nie;
Niemand sal op bevel van enige regeringsamptenaar veroordeel word nie;
Die howe sal verteenwoordigend wees van al die mense;
Gevangenisstraf sal slegs vir ernstige misdade teen die mense gegee word en sal gerig wees op heropvoeding, nie op wraak nie;
Die polisiemag en leër sal op 'n basis van gelykheid vir almal oop wees en die helpers en beskermers van die mense wees;
Alle wette wat diskrimineer op grond van ras, kleur of geloof, sal herroep word.

ALMAL SAL MENSEREGTE GENIET!

Die wet sal aan almal die reg waarborg om te praat, te organiseer, byeen te kom, te publiseer, te preek, te aanbid en hulle kinders op te voed;
Die privaatheid van die huis ten opsigte van polisieklopjagte sal deur die wet beskerm word;
Almal sal vry wees om sonder beperkings te reis van die platteland na die stad, van provinsie tot provinsie, en van Suid-Afrika na die buiteland;
Paswette, permitte en alle ander wette wat hierdie vryhede aan bande lê, sal afgeskaf word.

DAAR SAL WERK EN SEKURITEIT WEES!

Almal wat werk sal vry wees om vakbonde te stig, om hulle eie verteenwoordigers te kies, en om loonooreenkomste met hul werkgewers aan te gaan;
Die staat sal die reg en plig erken van almal om te werk en om volle werkloosheidsvoordele te geniet;

Mans en vroue van alle rasse sal gelyke betaling vir gelyke werk ontvang;
Daar sal 'n werkweek van veertig uur wees, 'n nasionale minimumloon, betaalde jaarlikse verlof en siekverlof vir alle werkers, en ten volle betaalde swangerskapsverlof vir alle werkende moeders;
Mynwerkers, huiswerkers, plaaswerkers en staatsamptenare sal dieselfde regte hê as alle ander mense wat werk;
Kinderarbeid, kampongarbeid, die sopiestelsel en kontrakarbeid sal afgeskaf word.

DIE DEURE VAN GELEERDHEID EN KULTUUR SAL OOPGEMAAK WORD!
Die regering sal nasionale talent ontdek, ontwikkel en aanmoedig om ons kulturele lewe te bevorder;
Al die kultuurskatte van die mensdom sal vir almal oop wees deur die vrye uitwisseling van boeke, idees en kontak met ander lande;
Die doel van die onderwys sal wees om die jeug te leer om hulle mense en kultuur lief te hê en om die broederskap van mense, vryheid en vrede te eer;
Die onderwys sal gratis, verpligtend, universeel en vir alle kinders gelyk wees;
Hoër onderwys en tegniese opleiding sal vir almal beskikbaar gestel word deur staatstoelae en beurse wat volgens meriete toegeken word;
Volwasse ongeletterdheid sal beëindig word deur 'n massale staatsonderwysplan;
Onderwysers sal dieselfde regte hê as ander burgers;
Die kleurskeidslyn in die kulturele lewe, in sport en onderwys sal afgeskaf word.

DAAR SAL HUISE, SEKURITEIT EN GERIEF WEES!
Alle mense sal die reg hê om te woon waar hulle wil, om ordentlik behuis te wees, en om hulle kinders in gerief en veiligheid groot te maak;
Onbenutte woonruimte sal aan die mense beskikbaar gestel word;
Huurgeld en pryse sal verlaag word, kos sal volop wees en niemand sal honger ly nie;
'n Voorkomende gesondheidsplan sal deur die staat in stand gehou word;
Gratis mediese dienste en hospitalisering sal aan almal verskaf word, met spesiale sorg vir moeders en jong kinders;
Krotbuurte sal gesloop word en nuwe buurte gebou word waar almal vervoer, paaie, ligte, speelterreine, crèches en sosiale sentrums sal hê;
Bejaardes, weeskinders, gestremdes en siekes sal deur die staat versorg word;
Toegekampte lokasies en ghetto's sal uit die weg geruim word, en wette wat gesinne vernietig sal herroep word.

DAAR SAL VREDE EN VRIENDSKAP WEES!
Suid-Afrika sal 'n ten volle onafhanklike staat wees wat die regte en soewereiniteit van alle nasies respekteer;



Suid-Afrika sal daarna strewe om wêreldvrede en die skikking van alle internasionale dispute deur onderhandeling in plaas van oorlog te handhaaf;
Vrede en vriendskap tussen al ons mense sal verseker word deur die handhawing van gelyke regte, geleenthede en status vir almal;
Die mense van die protektorate Basoetoland, Betsjoeanaland en Swaziland sal vry wees om self oor hul eie toekoms te besluit;
Die reg van die mense van Afrika op onafhanklikheid en selfregering sal erken word en die grondslag vir nouer samewerking wees.

Laat almal wat hulle mense en hul land liefhet, nou sê soos wat ons hier sê:
VIR HIERDIE VRYHEDE SAL ONS VEG, SY AAN SY, ONS LEWE LANK, TOTDAT ONS ONS VRYHEID VEROWER HET.

(vert. G. Olivier)

## DIE BYDRAERS

**Ds Carel Anthonissen** is op 21 November 1946 op Calvinia gebore. Hy het sy B.Th.-graad en 'n M.A. in filosofie op Stellenbosch behaal. Daarna was hy predikant in die gemeentes Somerset-Oos en Aasvoëlkop. Hy is tans leraar van die Stellenbosch-studentekerk.

**Hennie Bester** is op 22 Februarie 1963 in die Paarl gebore, en het aan die Hugenote Hoërskool in Wellington gematrikuleer. Hy is 'n vierdejaar-regstudent, voorsitter van die US Debatsvereniging, lid van die Stellenbosch Christian Fellowship Students, en een van die regters in die studentehof.

**Eric le Grange** is op 30 September 1963 gebore en het aan die Hoërskool Olifantshoek gematrikuleer. Hy is 'n regstudent in sy derde jaar en hoofredakteur van *Die Matie*.

**Dr Tom Lodge** is 'n dosent in die departement Political Studies aan die Universiteit van die Witwatersrand en skrywer van ***Black Politics in South Africa since 1945***.

**Dr Piet Muller** is assistent-redakteur van *Beeld* en hoof van die Pretoriase redaksie.

**Hans Müller** is besig met sy M.A. in filosofie en gaan hom volgende jaar aan die Stellenbosse kweekskool as predikant bekwaam. Hy is op 20 Augustus 1962 in Pretoria gebore en het aan die Hoërskool Sybrand van Niekerk in Sabie gematrikuleer. Hy is voorsitter van die studente-KJA op Stellenbosch.

**Johan Olivier** is 'n regstudent in sy vierde jaar en lid van die uitvoerende komitee van die studenteraad op Stellenbosch. Hy is op 5 April 1961 in Pretoria gebore, en het sy skoolopleiding voltooi aan die Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad.

**Annami Oosthuysen** is op 30 Januarie 1962 in Port Elizabeth gebore en het aan die Hoërskool Andrew Rabie gematrikuleer. Sy is besig met haar laaste jaar as LL.B-student en was twee jaar lank op die studenteraad, die afgelope jaar as onder-voorsitter.

**Mnr Harald Pakendorf** is redakteur van *Die Vaderland*.

**Dr Nico Smith** is predikant van die NG Kerk van Afrika in die gemeente Mamelodi-Wes.

**Anton Steenkamp** is die voormalige hoofredakteur van *Die Matie* en 'n bestuurslid van SAAK. Hy is op 25 April 1962 op Citrusdal gebore en het sy skoolloopbaan aan die Hoërskool Belville voltooi. Hy is 'n derdejaar-regstudent.

**Phillip Verster** is op 21 Augustus 1963 in Pretoria gebore en het aan die Hoër Jongenskool Paarl gematrikuleer. Hy is 'n finalejaarstudent in die ingenieurswese en was voorsitter van die NP-studentetak op Stellenbosch. Hy is tans voorsitter van die SR en die studenteparlement.

**Collection Number: AK2117**

**DELMAS TREASON TRIAL 1985 - 1989**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-***Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-***Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.